Nasionale Kantoor
National Office

SAOU SA ONDERWYSERSUNIE
SA TEACHERS' UNION

Nuusbrief | Newsletter

Tel: 086 072 6843 | Faks/Fax: 012 348 9658
e-pos/email: saou@saou.co.za

NUUSBRIEF 10 NEWSLETTER 09/03/2015

SALARISONDERHANDELINGE 2015
ROOI LIGTE FLIKKER

Wat is die jongste aanbod?

Daar is volledig in Nuusbrief 03/2015 gerapporteer aangaande die stand van die salarisonderhandelinge in die SKBR (Staatsdiens Koördinerende Bedingingsraad). Ten tye van Nuusbrief 03 en tot en met die week van 3 Maart 2015, was die Staat se jongste salarisaanbod 5.8%. Die 5.8% was gebaseer op die geprojekteerde VPI vir 2015.

Tydens die onderhandelinge gedurende die week van 3 Maart, het die Staat met die verrassende en uiters ontstellende stap na vore getree. Hulle het die geprojekteerde VPI vir 2015, en daarmee saam hulle salarisaanbod aangepas na 4.8%, d.w.s. met 1% verlaag.

In die lig van die feit dat die belastingkoers vir werknemers wat meer as R181,900 per jaar verdien met 1% verhoog, beteken dit dat die effektiewe salarisaanpassing 3.8% beloop. Saamgelees met die drastiese verhoging van Escom-tariewe en die brandstofheffing wat met 80.1c/l verhoog, is dit duidelik dat opvoeders kwalik 'n salarisverhoging sal ervaar.

Is vordering met die ander sake gemaak?

Geen noemenswaardige vordering is hoegenaamd gemaak m.b.t. die aanpassing van die behuisingstoelaag en mediese subsidie sedert Nuusbrief 03 nie.

Bestaan daar 'n gevaar van arbeidsonrus?

Daar is van die ander vakbonde in die SKBR wat reeds geluide van stakings en arbeidsonrus uiter. Die SAOU het egter geen mandaat om sodanige uitlatings te maak nie. Die SAOU sal slegs arbeidsonrus oorweeg nadat 'n volledige mandaat by wyse van 'n stemming onder lede bekom is.

Tussentyds bestaan die hoop dat die Staat as werkgewer onderhandelinge met groter omsigtigheid en verantwoordelikheid sal benader en dat arbeidsonrus vermy kan word.

Lede sal op hoogte gehou word van die verloop van onderhandelinge gedurende die week van 9 Maart 2015.

SALARY NEGOTIATIONS 2015
RED LIGHTS ARE FLICKERING

What is the latest offer?

In Newsletter 03/2015 the most recent state of affairs in the PSCBC was reported. At the time, and until the week of 3 March 2015, the offer by the State as employer was 5.8% for a general salary adjustment. The 5.8% was based on the projected CPI for 2015.

During the bargaining during the week of 3 March, the State tabled a new and disturbing offer, i.e. 4.8%. The 4.8% is the new projected CPI for 2015, and reduces the offer with 1%.

In light of the fact that the tax rate for employees who earn more than R181,900 per annum, it implies that the effective salary adjustment will only be 3.8%. If this is considered in conjunction with the substantial increase in the Escom tariffs and the fuel levy that is increased by 80.1c/l, it is clear that educators will hardly experience a salary increase.

Has progress been made w.r.t. the other matters?

No substantial progress has been made w.r.t. housing allowance and medical aid subsidy since Newsletter 03.

Is there a danger of labour unrest?

There are other unions in the PSCBC that have already made utterances of strikes and labour unrest. The SAOU has no mandate at this stage to make such utterances. We will only consider labour unrest after conducting a ballot among members.

In the interim we hope that the State as employer will approach the collective bargaining with greater circumspection and responsibility and thereby avoid labour unrest.

Members will be kept abreast of unfolding developments at the bargaining table during the week of 9 March 2015.